bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa
maatskappy sonder winsoogmerk
non-profit company
maatskappy registrasieno / company registration no 2008/007505/08

# Bybelsondag

**Deur:** Carl Vermaak

**Tema:** Die Woord van God is nie vasgebind nie

**Teksgedeeltes:** 2 Tim 2:1-13

**Inleiding**
Die lewe van 'n Romeinse soldate was allesbehalwe maanskyn en rose. As ongeveer 19 jarige seuns het hulle gewoonlik vir ’n tydperk van 20 jaar by die leër aangesluit. Hulle daaglikse roetine het baie van hulle vereis. Die groot leërafdelings en primitiewe vervoer, het van hulle gevra om te voet van een punt na ’n ander beweeg. Hulle kon egter nie net vrylik soos wat hulle wou stap nie, nee hulle moes in formasie onder bevel van ’n offisier beweeg. Om seker te maak dat die soldate in die nag terwyl hulle rus, oorrompel kon word nie moes hulle georden kamp opslaan en wagte uitsit.

Paulus skryf hierdie brief aan Timoteus skryf, terwyl hy aan een van hierdie Romeinse soldate vasgeketting is. Ongetwyfeld gebruik hy hierdie soldaat se leefwyse as voorbeeld van hoe ’n volgeling van Christus ter wille van die koninkryk van God moet lewe. Dit is vanuit hierdie belewenis wat Paulus vir Timoteus skryf.

Paulus is baie besorg oor Timoteus. Hy is bekommerd dat Timoteus se moed hom gaan begewe, gaan hy in sy roeping kan volhard?

As ons die brief in enkele woorde moet opsom kan ons sê Paulus moedig Timoteus met die woorde aan: "Staan op, staan op vir Jesus." Paulus vermaan Timoteus om te onthou dat Christene soos hul Meester teenstand sal beleef en daarom moet hy in die geloof vas bly staan.

Die vermaning word met vier gedagtes beklemtoon.

**1. Bly gefokus op jou roeping**
Net soos in daardie tyd kan Christene hulleself met goeie take besig hou sonder om te besef dat daar belangriker take is wat gedoen moet word. Paulus wou seker maak dat die evangelie in Timoteus se lewe sentraal sou staan. Daarom vermaan hy in vers 4 om nie deur die lewe ingesluk te word nie. Dit sou die fokus van die roeping af weg neem. In Tim 3:5 beskryf Paulus die mense wat dit doen as “mense wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.” (1933/1953-vertaling)

goeie nuus vir almal vir altyd
good news for all for ever

Met die beste bedoelings word baie mense in goeie dinge vasgevang en dit het tot gevolg dat die belangriker dinge verwaarloos word. Hulle word so besig met die dinge van die Here dat hulle die Here van die dinge vergeet.

Timoteus moes as soldaat van God al sy energie gebruik om ten spyte van teenstand te bly verkondig dat Christus as verlosser gekom het om sondaars te red. In 1 Korintiërs 2:2 (1933/1953-vertaling) het Paulus dit van homself ook gesê: "Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde." Dit was die evangelie wat hy verkondig het en dit is dieselfde evangelie wat ons verkondig.

Hierdie evangelie moet in Christene se lewens sentraal bly.

**2. Roeping gaan gepaard met weerstand.**
Deur al die eeue tot vandag toe is daar baie verhale van vervolging opgeteken.

Deur die wêreld heen moes Christene in die geheim die Woord van God bestudeer. Sou hulle egter gevang word, was hulle soos misdadigers verhoor en soms tereggestel. In die verhale hoor mens dikwels van getuienisse wat vertel dat God wonderbaarlik mense in hierdie geleenthede versterk en selfs van hul vervolgers bevry het. Oud en jonk, ryk en arm het in hierdie vervolging die selfde behandeling gekry. Die weerstand wat nie-christene bied skeer almal wat die evangelie verkondig oor dieselfde kam. Soms hoor mens dat nuwe bekeerlinge deur hul families verstoot is. Regoor die wêreld word Christene vandag nog vervolg en in sommige lande, is selfs die besit van 'n Bybel 'n groot oortreding.

Paulus skryf juis hierdie brief aan Timoteus te midde van sy gevangenskap, ’n gevangenskap omdat hy 'n volgeling van Jesus Christus was.
Daar is verskillende soorte vervolging en daar is verskillende grade van vervolging.
Sommige ly sosiaal omdat hulle weens hul geloof as uitgeworpenes beskou word.
Ander ly ekonomies.
Ander ly liggaamlik en soos Paulus, is baie Christene steeds in die tronk.
Ons moet egter onthou dat vervolging nie die voorvereiste vir dissipelskap is nie.
Hierdie gedeelte moet ons net laat besef dat ons in vryheid maar ook in vervolging getrou wees in ons roeping.
Die tweede deel van vers 9 beklemtoon Paulus dat die boeie wat hy dra, nie die evangelie bind nie.

**3. Die krag van die evangelie is nie gebind nie**
Al was Paulus in kettings, het hy geweet dat die evangelie buite grense van sy gevangenis soos 'n veldbrand versprei.

Die Romeine sou die evangelie nie kon stuit nie. Terwyl hulle besig was met die beskerming van hul eie mag, het die evangelie die harte en lewens van mense verower.

Die evangelie is nie gebonde nie.

Reeds van die begin van die Christendom af was daar diegene wat die evangelie wou stuit, maar niemand kon dit reg kry nie.

Regerings kan dit nie doen nie – die Romeine het probeer maar kon nie. Tale ander lande en heersers het probeer maar kon ook nie. Daar is geen mens wat die mag het om die evangelie te bind nie, want dit is Godself wat die evangelie deur Woord en Gees die wêreld instuur.

Vir eeue het mense met hul listige woorde en rede probeer om die evangelie te ondermyn, dit met die wysheid van mense te bind, maar hoe harder hul probeer het hoe duideliker het die Woord van God verkondig dat Christus die weg, die waarheid en die lewe is. Hulle kon die evangelie nie bind nie.

Valse godsdienste kon ook nie die evangelie bind nie. Vandag nog waar dit onwettig is om 'n Christen te wees, versprei die evangelie soos 'n veldbrand. Mense leer Jesus Christus ken as Here en Verlosser. Hoekom? Omdat jy die evangelie nie kan bind nie.

Maar daar is nog steeds diegene wat soos in Paulus se tyd probeer om die evangelie te stop. En net soos hy moet ons dit verduur.

**4. Die evangelie roep tot volharding**
In die Nuwe Testament staan uithouvermoë in verband met die ergste beproewings denkbaar. Die woord volharding beskryf ’n vasbeslote wil om ongeag die koste daarvan getrou te bly.

En Paulus vermaan Timoteus om dit te doen, hy moet volhard en nie toe te gee nie. Dit moet hy doen omdat die roeping groot is en prys van mislukking te duur is.
In 2 Korintiërs 11:24-28. (1933/1953-vertaling) sê Paulus: "Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring – dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid. Behalwe dit alles my daaglikse bekommernis, die sorg vir al die gemeentes."

2 Tim 2:10 sluit hier by aan. Daar staan. "Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat hulle ook die verlossing wat in Christus Jesus is, kan verkry met die ewige heerlikheid."

Paulus praat hier oor hoe God in harte en gedagtes van Christene werk om getrou te bly, om te volhard, om alles te doen wat nodig is, om seker te maak dat elkeen die geleentheid het om die evangelie te hoor.

Paulus se passie om te sien hoe ander Christus leer ken was so groot niks hom van sy roeping sou laat afwyk nie.

In die gedeelte word ons nes Timoteus op geroep om navolgers van Christus te wees. En as ons in die naam van Christus onsself sy dissipels noem, moet ons ook bereid wees om te volhard.

Paulus beklemtoon egter dat hulle wat in die roeping volhard moet altyd God se beloftes onthou, die beloftes dat ...

... as ons met Hom gesterf het, sal ons ook met Hom lewe.
... as ons verdra, sal ons met Hom regeer.

Die klem val hierop 'n getroue Christenskap, om nooit om te draai en weg te loop nie. Ons moet onthou dat as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën.

En sê nou ons struikel? Wat van die persoon wat begin twyfel en sukkel om te volhard? Vers 13 bring hierdie blye boodskap "as ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie."

Daar is in die karakter van God hoop te vind, dit is: as ons struikel, as ons wankel en in oomblikke van swakheid dinge doen wat minder getrou is, sal Hy nie wraak neem nie. Hy het sy kinders geskep, hulle met die bloed van Christus gekoop, hulle met die Heilige Gees vervul en daarom sal Hy hulle nooit vergeet of verlaat nie, maar altyd by hulle wees.

**Afsluiting**
So leer ken ons vir Timoteus wat vrees en twyfel beleef het. Timoteus, wat gesien het wat met sy geloofsmentor gebeur het en gewonder het of hyself so sou kon volhard. Hy moes leer dat selfs wanneer hy ontrou sou wees leer die Woord hom dat God getrou bly. God is altyd daar, gereed om te vergewe, gereed om met ope arms te ontvang en om op te tel sodat sy kinders kan aanhou om Hom te dien.